


SKAKEL



“En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie”.
Kol. 3: 23

Eredienstye op Sondag: 10:00

Kantoorure: Maandae, Dinsdae & Vrydae: 08:00-13:00 (*gesluit tydens skoolvakansie*)

Kantoor no: 079 804 5542

E-pos: admin@gerefkerkmagol.co.za

Webblad: www.gerefkerkmagol.co.za

DATUM: 13 Oktober 2024

Kollektes

Vandag

Swart sakkie: GKSA Sustentasiefonds

Rooi sakkie: Diens van Barmhartigheid

Volgende week

Swart sakkie: Inst van die erediens

Rooi sakkie: Diens van Barmhartigheid

Diensbeurte

Vandag: Ow. 06/07, Ow. 09 & Ow. 11

Volgende week: Ow. 12, Ow. 14
& Ow. 16

Skinkbeurte

Sondag 13 Oktober:

Onverwacht 06/07

Barbara Craill, Christa Venter,
Nadia Breezke, Elize Combrinck,
Sampat Meiring, Marina Viljoen,
Chantelle Meiring & Cora Claassens.

Onverwacht 09

Clara Venter, Leticha Venter,
Barbara Venter, Mignon Kruger,
Jo-Anne du Plessis, Mickey du Plessis
& Melanie Erasmus.

Onverwacht 11

Rina Prinsloo, Retha Swanepoel,
Wilma Potgieter, Hermiene du Toit,
Susan van der Merwe, Petro Vorster
& Johanda van der Merwe.

Sondag 20 Oktober:

Onverwacht 12

Loraine van der Watt, Loulah van der Watt,
Lisa van der Watt & Vanessa du Plessis.

Onverwacht 14

Lanie du Plessis, Rina Pelser, Marita Pelser,
Annemie Pretorius, Martie Smit,
Martie Venter & Magdeld du Plessis.

Onverwacht 16

Nelia Smith, Nicolien van Staden,
Petronel Pelser, Lettie Erasmus,
Elize Helberg, Alta Jordaan
& Tahlita Janse van Rensburg.

Verjaarsdae... vir komende week

14de	Hennie Lourens	Eil. 05
15de	Kato du Plessis	Monico/Palala
	Leticha Venter	Ow. 09
19de	Martie Smit	Ow. 14

*Mag die seën van die Here op jou rus in
jou nuwe lewensjaar sodat die meetsnoere
vir jou op lieflike plekke val en jou erfenis
mooi sal wees!*

Lief & leed... waarvan ons weet

- * Baie geluk aan Theunes en Nadia van Staden (Sbp/Hdal) met die geboorte van 'n verbondskindjie Dinsdag. Baie geluk ook aan die oupa Theunes van Staden.
- * Baie geluk ook aan Frikkie & Isabel Snyman wie se seun Nico, wat in ons gemeenskap groot geword het, 'n wêreldklas-prestasie behaal het by die Commonwealth Powerlifting kampioenskappe verlede week.

Ons groet...

Aangekom met attes vanaf:

GK Oos-Moot
Thinus van Rooyen

GK Matlabas
Martie Smith

GK Littleton
Cora Claassens

GK Vaalwater
Jodan & Edith Net asook dooplidmaat Jolene

Aangekom met bewys vanaf:

NHK Onverwacht
Theunis de Beer

Vertrek met attes na:

GK Bronkhorstpruit
Piet & felicity Aucamp

GK Naboomspruit
Nico & Karen du Plessis
Jacques du Plessis

Vertrek met bewys na:

NHK Onverwacht
Harry & Elizma du Plessis asook dooplidmaat Henco
Hanru du Plessis

NG Weskerk
Maureen Schutte

Op ons dagboek... vir res van die jaar

Oktober

18^{de} Matriek erediens
27^{ste} Katkisasie afsluiting

November

3^{de} Katkisasierapporte ingee
8^{ste} Ouderlingwyksverslae
10^{de} Voorbereiding
Ouderling vergadering
15^{de} Dankbaarheidsfees
17^{de} Nagmaal
Gemeente-ete
24^{ste} Diakonie vergadering

Vanaf die sustersbestuur

Stembriefies soos die onderstaande voorbeeld word vandag by die kerk se deure uitgedeel.

Neem asseblief een en stem vir wie jy graag op die Sustersbestuur wil sien volgende jaar.

Gooi dan die briefie in een van die kolekte sakkies of gee af by die kerkkantoor.

Verkieping vir sustersbestuur 2025

MERK SLEGS **10** NAME MET **X**

Carmen Wolfaardt	
Elize du Plessis	
Gine Strydom	
Irma Jooste	
Lani du Plessis	
Lizann Botha	
Maretha Kruger	
Marietjie van der Walt	
Petra Grobler	
Petronel Pelser	
Susan du Plessis	
Susan Haasbroek	
Theunsina van Rooyen	
Tinka Steyn	

Gooi stembriefie in swartsakkies of gee by kerkkantoor af voor of na erediens.


Vanaf die katkisasiekommissie

Voorbidding word gevra vir die onderstaande jongmense wie se ondervraging plaasvind op 29 & 31 Oktober asook 5 & 7 November.

- Elane Erasmus (Ow. 16)
- Ricu Geyer (Ow. 18)
- Andre Wagener (Ow.06/Ow. 07)
- Sarè Nel

Vanaf die kerkkantoor

- Plaas nou jou bestelling vir die 2025 Almanak @R130elk by die kerkkantoor.



- Ons begin nou weer met die Jaarprogram boekie vir 2025, as enige van jou inligting in die laaste jaar verander het, laat weet asseblief voor einde van die maand, veral selfoon nommers.
- Die kerk se webblad is die week opgedateer, gaan loer gerus by www.gerefkerkmagol.co.za

Kerklieke administrasie

Proponente beroepbaar gestel

- Koketso Lepodise
- Thina Nthangeni
- Quintin Venter

Beroepbaar gestel

- Ds. Izak van der Westhuizen van GK Colesberg

Beroepe ontvang

- * Ds. PGP (Pieter) le Roux van GK Wonderboompoort na GK Die Kandelaar
- * Ds. TJ (Tommie) van Vuuren van GK Heilbron na GK Delmas

Beroepe nie aanvaar nie

- Ds. PGP (Pieter) le Roux van GK Wonderboompoort na GK Pietermaritzburg

Bevestiging

- Die bevestiging van ds. PW (Wouter) Smit van GK Amanzimtoti, vind op Saterdag, 12 Oktober 2024 plaas. Die bevestiging word deur ds. HJ (Herman) Coetzee, predikant van GK Empangeni hanteer. Ds. Smit lewer sy intrepreek op Sondag, 13 Oktober 2024.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Trek daarom die volle wapenrusting aan
wat God julle gee, sodat julle
weerstand kan bied in die dag
van onheil en, nadat julle die stryd
tot die einde toe gevoer het,
nog op julle pos kan bly staan.

Efesiërs 6:13

Preekvoorligting Sondag 13 Oktober 2024

Sing: Ps. 105:1,3; Ps. 105:4; Ps. 25:1,3; Ps. 115:1,7,8; Ps. 71:1,9,10.

Lees: Deut. 3:21-29

Teks: Deut. 3:26

Tema: Die Here voer sy raad deur al is sy antwoord nee op ons gebede.

Die versoek

Moses is die man wat deur die Here uitgekies is om sy volk uit die slawehuis van Egipte uit te lei, deur die omswerwinge van die woestyntyd deur te lei, maar hy mag nie die volk die beloofdeland in lei nie. Die rede hiervoor is eerstens omdat hy nie gehoorsaam aan die Here was by die waters van Meriba toe hy die rots geslaan het nie. Te midde van die feit dat hy die volk nie mag inlei nie het hy in die gebed telkens tot die Here gesmeek. Ons bid dikwels met goeie bedoelinge dat die Here tog iets sal toelaat ter wille van ons.

Die antwoord

In die geskiedenis wat Moses aan die volk vertel meld hy dat hy die Here gesmeek het om tog die land in te gaan, maar die Here het geweier. In so mate dat Hy Moses ernstig vermaan het dat dit genoeg is en dat hy nie verder moet vra nie. Maar die Here weier nie net vanweë Moses se sonde nie, maar ook die van die volk. Moses is die middelaar wat ook verantwoording vir die volk se sonde dra, maar hy is onvolmaak en kan hulle nie van hulle oortredinge verlos nie. daarom kan hy hulle nie in die land inlei nie.

Die roeping

Tog laat die Here Moses nie net daar nie. Hy laat Moses toe om die land te sien, maar sy taak is nou om Josua te versterk en te bemoedig om die taak wat hy begin het af te handel. Eindelik openbaar die Here aan Moses dat hy nie 'n volmaakte middelaar is nie en dat daar een na hom sal kom. Jesus Christus is die middelaar wat sy kinders uit die slawehuis van die sonde verlos het, maar ook in die ewige woning van die Vader inlei.